Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

17 SEPTEMBER 2017

GEMEENTEBULLETIN

REFORMEREND VORENTOE

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Seniorsondag

OGGENDDIENS

Om God te wil lief hê

Matt 22: 34-40

GESINSDIENS

Kuier saam met God.

Hebreërs 10:19-25

JEUGDIENS

Droom wat Jesus droom.

Lukas 4:43

DEUROFFER

Seniorbediening

EREDIENSTE

			17 September		24 September	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Gericke	3	Ds. Breytenbach	4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Prop. vd W'huizen	8	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Geen diens	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Geen diens	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Philipp Dietmann	11	Ds. Breytenbach	-

DS. GERICKE AFSKEIDSPREEK – VANDAG

Ds. Bremer Gericke se afskeidspreek is vanoggend 09:00 in die kerk. Neem kennis dat die Meditatiewe diens vandag by die oggenddiens aansluit. Na die diens word volwassenes genooi om tee en verversings (een per persoon asb.) saam met Bremer en Erna in die grootsaal en markplein te geniet. Kinders sal doughnuts (een per kind asb.) ontvang.

GEMEENTEKAMP 1 TOT 3 DESEMBER

Ons nooi alle lidmate om saam met ons by die pragtige Riverzicht kamp-terrein in Robertson te gaan kampeer. Kampeerplekke, ingerigte bostente asook houthuise is beskikbaar. Besoek asb. die Riverzicht webwerf (www.rivierzicht-resort.com) en voltooi die aanlyn besprekingsvorm. Alle inligting rondom tariewe is ook op die webwerf beskikbaar. **NB:** Dui op die aansoekvorm in die veld "spesiale versoeke" aan dat jy deel van die Stellenberg-groep is, ons wil graag die gemeentegroep saam laat kampeer. Navrae: helena@stellenberg.co.za

HULP BY DIE KAFETERIA

Ons benodig vrywillige helpers wat twee keer per kwartaal 'n diensbeurt in die kafeteria vanaf 08:30 tot 11:00 kan waarneem. Kontak asb. vir Sanèl by 021 976 4519 / sanel@stellenberg.co.za indien jy kan help.

JEUGDAGBOEK

- SENIOR KATEGESE afsluiting met *pooltafels, playstations* ens. in die Markplein vanaf 17:30. Jeug kom kuier lekker saam!
- JUNIOR KATEGESE - graad 1 tot 3 ontmoet almal in die kleinsaal vir 'n spesiale kwartaal afsluiting en graad 4 tot 7 het 'n lofprysing in die kerk saam met Plofstof. Kinders ontvang hulle doughnuts na afloop van die byeenkomste.
- KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae en Donderdae bymekaar.
- ALIVE vir studente: elke Sondag om 17:00 tot 18:00, bo-vertrek.
- UITREIK na Pampoenkraal: Saterdag 9 September.
- GRAAD 9 & 10 KAMP: 22 tot 24 September. Inskryfvorms by jeugkantoor/www.stellenberg .co.za beskikbaar.

TOERUSTINGSESSIE — BRAAM HANEKOM

Braam Hanekom het onlangs die *Global Leadership Summit* by die Willow Creek gemeente in Chicago saam met ongeveer 7000 konferensiegangers bygewoon. Wêreldbekende kerk- en sakeleiers o.a. Sheryl Sandberg, CEO van Facebook en Laszlo Bock van Google het opgetree. Op Maandag 18 Sept om 19:00 gee Braam 'n kort aanbieding in die Kleinsaal om die tweedag konferensie vir ons op te som. Toegang gratis, maar bespreek asb. jou plek by navrae@stellenberg.co.za / 021 976 4519 (Karin).

VAKATURE VIR GEMEENTELERAAR

Ds. Bremer Gericke se pos word nou geadverteer met die oog op aansoeke. 'n Nuwe leraar sal teen November beroep word met diensaanvaarding Januarie 2018. Lidmate het ook geleentheid om kandidate vir die vakature te nomineer. Indien jy 'n leraar wil nomineer, rig asb. voor 6 Oktober 'n e-pos aan stellenberg@stellenberg.co.za

VERKIES TOT DIE KERKRAAD

- Marius Eugene du Randt, La Merci 48, Sonstraalhoogte is verkies as ouderling (jeug).
- Matthew Duncan, Tulbaghlaan 6 is verkies as ouderling (jeug).

KATEGESE LOKALE

Gr 1	Kleinsaal
Gr 2&3	Kleinsaal
Gr 4,5 &6	Kerk
Gr 7	Kerk
Gr 8	Grootsaal
Gr 9	Grootsaal
Gr 10	Grootsaal
Gr 11	Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

WOLSKENKINGS

Wolskenkings word dringend benodig. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af.

KLEINGROEPE@STELLENBERG

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes/jongmense) in die gemeente aan te sluit, meld na die diens by die inligtingstafel buite die kerk aan, of stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za.

SENIORWEEK 17—20 SEPTEMBER

Baie welkom aan al Stellenberg se senior lidmate by vanoggend se eredienste. Die predikante en kerkraad het die hoogste waardering vir julle betrokkenheid by die gemeente en julle liefde vir die Here en sy kerk. Ons erken julle in die gemeente en sê dankie vir die voorbeeld wat julle stel aan die jonger lidmate en kinders.

- Die deuroffer vanoggend is vir die seniorbediening in Stellenberg.
- *Maandag 18 September:* 'n Daguitstappie per bus na Hopefield. Blomme, bye en die Bremer-huis – inskrywings het gesluit, die bus vertrek 08:00 en keer terug teen 17:00.
- *Woensdag 20 September:* 'n Verskeidenheidsprogram 10:00 – 11:00 deur die Edna's (kabaretkunstenaars met sang en voordrag), heerlike verversings met koffie en tee, alles @ R20 per persoon. In die Kleinsaal.

Bespreek en betaal vir 20 September by Karin by die kerkkantoor teen Maandag 18 September.

EREDIENSTE IN OKTOBER 2017

Om die Feesmark te akkommodeer, verskuif die Gesinsdiens vanaf Sondag 15 Oktober tot 29 Oktober na die kerk en sluit by die bestaande Oggenddiens aan. Dié gekombineerde erediens sal vir oud en jonk (gesinne, laerskoolkinders, ens) ingerig word. Die kleuter– en peuterkerk verskuif vir dieselfde tydperk na die Komiteekamer.

Die markplein kuierarea verskuif na die tent. Kom kuier na eredienste saam met ander lidmate. Filterkoffie, tee, eetgoed, cappuccino's en latté's sal te koop wees.

EDELWEISS

Geen Bybelstudie op Donderdag 21 September.

NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan nuwe lidmate in die gemeente. Meld asb. na die oggenddienste by die inligtingstafel aan, of stuur 'n e-pos na navrae@stellenberg.co.za

OOM TIENIE DOEN DIT WEER

Die 86-jarige oom Tienie van Zyl, oudste lid van Bellville atletiekklub, gaan weer vir die **Ruyterwacht Senior Sentrum** fondse insamel. Hy gaan op 4 Oktober deelneem aan die Bakgat 10 km padwedloop en vra vir borgskappe ten bate van etes vir seniors van Ruyterwacht senior sentrum.

Bankbesonderhede :

Absa, Parow, Tjekrekeningnr 390169582
Rekeninghouer : Ruyterwacht senior sentrum.

Verwysing : Tienie borg

REFORMASIE FEESWEEK 5 TOT 12 NOV

- **Tafelgesprekke** met bekende sprekers op 6, 8 en 9 Nov. Kaartjies beloop R100 p.p. per aand en al drie aande @ R250 per persoon. Dit sluit wyn, sap, koffie en 'n vingerete in. Daar is net 100 kaartjies per aand beskikbaar.

6 Nov 18:30: Reformasie & ekonomie – Prof. Piet Naudé
8 Nov 18:30: Reformasie & onderwys – Prof. Michael le Cordeur
9 Nov 18:30: Reformasie & demokrasie – Aartsbiskop Thabo Makgoba

- **Feeskonsert** 12 November van 19:00 tot 20:00 met Zorada Temmingh (orrelis) en die US Konservatorium Kamerkoor onder leiding van Martin Berger. Kaartjies R50 per persoon. Alle kaartjies is weeksdae by die kerkkantoor tussen 08:00 en 13:00 te koop, of Sondae na die oggenddienste by die inligtingstafel. Sien www.stellenberg.co.za en neem 'n reformasiepamflet in die voorportaal met volledige inligting oor die Feesweek.

BYBELS VIR BEAUFORT-WES

Die Julie-uitreikspan het bewus geword van 'n groot behoefte aan Bybels in die gemeenskap van Beaufort-Wes. Ons versamel nou Bybels en beoog om dit teen einde September in Beaufort-Wes te gaan versprei. Enige Bybels (nuut of gebruik) is welkom. Plaas asb. in die krat in die voorportaal van die kerk.

DR. RICHARD BLACKABY

Dr. Richard Blackaby, medeskrywer van "Beleef God", besoek op 11 en 12 Nov. ons gemeente. Saterdag 11 Nov om 08:30 tot 12:30: Geestelike leierskap @ R100 pp & Sondag 12 Nov om 09:00 in die kerk.

KOSPROJEK

Bring jou bydraes vir September asb. voor of op 26 September. Daar sal op 24 September 'n tafel in die voorportaal van die kerk wees waarop jy jou bydraes kan plaas.

LUISTER EN LEEF VROUEKAMP

Plek: Die Eiland, Jonkershoek

Tema: Lewende Water

Datum: 20 - 22 Oktober

Koste: R 400

Besprekings: aletta@vdv.house / 0822931789

GEBEDSGROEP

ELKE DINSDAGAAND

Ons nooi alle lidmate om in te skakel by ons informele gebedsbyeenkoms elke Dinsdagaand om 19:00 in die kapel. As jy by die WhatsApp-gebedsgroep wil aansluit, stuur asb. jou nommer en naam na 082 877 9773 (Retha)